
UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 18 # 6 • 6–09–2010 • YEAR 18 # 6 MONTHLY STAFF NEWSLETTER




## Handige hondjie kan dalk help

Pietie, wat al met terapie vir gestremde bejaardes uitgehelp het, by haar eienaar, sielkunde-navorser Marieanna le Roux. Marieanna wil honde gebruik in leesonderrig vir jong skoolleerders. Berig op bl. 5.

AANSOEKE word ingewag vir toesighouding by US-eksamens, 26 Oktober tot 4 Desember. Minimum kwalifikasie: matriek, maar voorkeur aan gegradueerde US-personeel en nagraadse studente (nie voorgraadse studente nie). Vergoeding: R50/uur. Doserende personeel het dekaanstoestemming nodig, maar nie vakansieverlof nie. Aansoekvorms by Eksamenkantoor, Admin A, Kamer 2075. Sluitingsdatum vir aansoeke: 27 September, 16:00. Inkomstebelastingnommer 'n vereiste. Navrae: Henry by hekron@sun.ac.za

# US verwerp beoogde wet oor inligting

Die Universiteit Stellenbosch het sy stem gevoeg by teenstanders van die Wetsontwerp op die Beskerming van Inligting.

Die Senaat het die regering versoek om die omstrede beoogde wetgewing te onttrek, en die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, het self sterk standpunt daarteen ingeneem.

"Die regering stel voor dat sekere inligting van die gemeenskap weerhou word. Die dag wat ons dit weer toelaat, sal ons op die verkeerde pad wees," het prof Botman by die Universiteit se Gemeenskapsinteraksiesimposium gesê.

"As universiteit wil ons kennis najaag, deel en toepas. Alle kennis moet toeganklik wees – nie soseer om die media te help nie, maar omdat dit gaan oor die gemeenskap vir wie hierdie kennis nuttig kan wees."

Die Senaat het in 'n mediaverklaring gesê die wetsontwerp "raak die belange en verantwoordelikhede van die Universiteit direk" en is "onaanvaarbaar", onder meer weens die "potensiële inbreuk op akademiese vryheid" wat kan plaasvind. Ingevolge die voorgestelde wetgewing sou navorsers toegang geweier kon word tot "sensitiewe" inligting oor byvoorbeeld korrupsie, onbevoegdheid en wanadministrasie, en sou universiteite self sekere inligting van die publiek kon weerhou.

Dít maak inbreuk op die "vrye vloei van inligting" wat "van fundamentele belang is vir enige demokratiese samelewing", lui die verklaring. "Die Universiteit is derhalwe ten gunste daarvan dat die Wetsontwerp onttrek word en grondiglik hersien moet word, onder ander by wyse van 'n proses van openbare raadpleging."

### Ons Universiteit lei met GI in SA

SOWAT 120 afgevaardigdes van regoor die Universiteit het die simposium oor gemeenskapsinteraksie (GI) by die Volhoubaarheidsinstituut buite Stellenbosch bygewoon. Die US word allerweë beskou as 'n leier op die gebied van gemeenskapsinteraksie (GI) in die hoëronderwys.

Prof Botman het gesê die gemeenskap behoort die begunstigde van die Universiteit se wetenskapsbeoefening te wees. "Eiendomsagente sê graag die drie belangrikste oorwegings wanneer jy 'n huis koop, is 'Ligging. Ligging. Ligging'. Dit is ook van toepassing op ons as universiteit. In watter gemeenskap is ons geleë, en hoe beïnvloed dit ons? As 'n mens só na die wêreld kyk, raak jou onmiddellike omgewing jou eerste laboratorium."

Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, het die US se sukses in GI daaraan toegeskryf dat dit as 'n volwaardige kernaktiwiteit van die Universiteit beskou word en die nodige ondersteuning, infrastruktuur en status geniet. "Ons kan ook peil trek op die wonderlike kundigheid en toewyding van ons akademici, en indrukwekkende werk deur ons studentevrywilligers."

Me Elmarie Costandius, 'n dosent by die Departement Visuele Kunste, het vertel hoe sy GI by haar kurrikulum ingesluit het deur haar studente opdragte te gee waarin hulle met leerders van Kayamandi in gesprek moes tree oor verskeie onderwerpe.

"Ek het dit so deel van die opdrag gemaak dat studente dit nie sou kon doen sonder daardie interaksie nie."

Prof Tony Naidoo, voorsitter van die Departement Sielkunde, en sy aanbiedingspan het uitgewys hoe hulle GI en navorsing integreer in gemeenskapsassessering in Railton, Swellendam.

Me Michelle Pietersen, programbestuurder van MGD-Eenstopdiens, het oor Maties Gemeenskapsdiens se goeie werk met studentevrywilligers gepraat.

Me Rolene Liebenberg, bestuurder van die US se Skolevennootskapsprojek, het saam met dr Lambert Rodgers, adjunkhoof van Cloetesville Sekondêr, uitgewei oor samewerking tussen die Universiteit en skole.

Dr Jerome Slamat, senior direkteur van Gemeenskapsinteraksie, is baie opgewonde oor wat vir GI aan die US voorlê. "Ons het al die potensiaal om 'n betrokke en relevante instelling te wees. Ons is maar een vennoot in die groter gemeenskap en ons bydrae is kennis. Ons werk is nie liefdadigheid nie, maar om die kennis wat ons hier ontgin, aan te wend om 'n verskil in mense se lewens te maak. Dit is ons bydrae, en ons moet dit goed doen."

■ Lees die Senaat se volledige mediaverklaring by www.sun.ac.za/wetsontwerp en die rektor se toespraak by www.sun.ac.za/university/Management/rektor

– Sonika Lamprecht en Desmond Thompson

# Another Chinese university cooperates with Stellenbosch

Stellenbosch University (SU) signed an agreement with the Zhejiang Normal University (ZJNU) at Jinhau in China's Zhejiang province during a visit to Stellenbosch by ZJNU's president (head of the university), Prof Wu Fengmin.

The collaboration agreement will build on research contacts of the Centre for Chinese Studies (CCS) at SU and the Institute for African Studies (IAS) at ZJNU, the oldest organisation of its kind in China.

Dr Hu Mei, an IAS researcher, recently spent three months at Stellenbosch for research together with Ms Sanne Mars-van der Lugt, comparing the development collaboration of both South Africa and China in Africa.


The agreement is a framework for joint research, student mobility and international students participating in SU short programmes. Stellenbosch also has a cooperation agreement with Xiamen University.

### High-level delegation visits SU

A high-level delegation from China also visited SU recently. Madame Xu Lin, head of the Confucius Institute (CI) headquarters in China, visited the University and the Confucius Institutes that SU and UCT host together. Other CI members and Chinese embassy officials accompanied her. She was on her way from Cameroon where she had attended an African Confucius Institutes conference.



Madame Xu Lin during her visit with the Rector and Vice-Chancellor, Prof Russel Botman.



Prof Wu Fengmin and Prof Arnold van Zyl with the signed agreement.

Xu, who also heads the International Chinese Language Council, handed over certificates to students who successfully completed the Chinese ABC course. At SU, the CI forms part of the Postgraduate and International Office's focus on Chinese language classes for the public, as well as promoting China in general and especially cultural ties between Chinese higher education institutions and Stellenbosch University.

■ Contact Mr Robert Kotzé, director of the Postgraduate and International Office, at 021 808 4615 for more information.

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus



NAVORSING
*Laserfisikus presteer weer internasionaal* 3




TRAINING
*This is real, not 'doctor doctor'* 4




MENSE
*Akademikus op reis met Speurhond* 6




MUSIC
*Celebrated Russian in the Endler* 7



SPORT
*Wêreld se beste jong verspringer* 8

KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!

## VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR / FROM THE EDITOR'S DESK



Wil jy van rugby lees of van poppe? Oor honde of oor geldsake? Dan is daar dié keer iewers op dié bladsye iets om aan te peusel. En nog baie meer. Die poppe is nie speelgoed nie. Hulle is mensgrootte, en elektronies – vir Tygerbergse Maties om op te oefen vir werkike situasies waarmee hulle as medici gekonfronteer gaan word.

Die rugbystorie is ook nie rêrig oor rugby nie. Dis oor die top-bestuurspos in Suid-Afrika se tweede gewildste sportsoort, met sowat tien miljoen aanhangers in die land en toenemend 'n wêreld van groot geldsake – en waarheen 'n ervare sake- en rugbybrein nou van die US af na Saru toe skuif.

Verder oor geldsake: Met die wêreldwye *"credit crunch"* dink 'n mens maar aan jou aftree- of pensioenfonds se blootstelling aan hoë risiko's. Hier onder word vertel van die opleiding in en kundigheid oor finansiële risikobestuur by die US.

'n Sakeman van die verre Limpopo-provinsie wat op die Bellville Parkkampus afgestudeer het, is een van vier wêreld-finaliste wat vir 'n toekenning aan MBA-studente benoem is.

Sakemense uit 35 ontwikkelende lande het op die Bellville Park-kampus besin oor die reguleer-uitdaging wat geskep word deur "mobiele geld" – 'n veld met nuwe uitdagings weens tegnologieë soos mobiele telefone.

Van selfone gepraat. Die ganse Woordeboek van die Afrikaanse Taal is nou op 'n selfoon beskikbaar, sodat die ekwivalent van sowat 9 000 gedrukte woordeboekbladsye in jou handpalm gehou kan word.

Daar is voorbladnuus oor die belangrike US-simposium oor gemeenskapsontwikkeling en oor akademiese bande met China. Op bladsy 3, die laserfisikus wat deur die Derdewêreldorganisasie vir vroue in die wetenskap vereer is, en die Black Sash se nasionale direkteur wat as hoofspreker by die US se Vrouedagbyeenkoms beklemtoon het dat veral vroue hul eie stemme volgens hul geleefde ervarings moet ontwikkel.

Die Kunsteblad het onder meer nuus oor 'n gevierde Russiese pianis wat in die Endler-konsertreeks optree en oor die US Koor wat by die wêreld se grootste koorfees wêreldwenners was onder 450 kore uit 'n 80-tal lande.

Sportnuus sluit in die atletiekklublid wat 8,19 meter ver gespring het om 'n nuwe Afrika- en SA Junior-rekord op te stel en 'n Matie wat die Bergrivier-kanomarathon se vroue-afdeling twee jaar ná mekaar gewen het.


Daar's in dié uitgawe van *Kampusnuus* twee lekkerlees-berigte oor honde – 'n regte een én 'n storiehond.

Die regte een het al met terapie vir gestremde bejaardes uitgehelp en haar eienaar wil nou navorsing doen oor die gebruik van honde in leesonderrig vir jong skoolleerders.

Die storiehond is nogal 'n speurder, een wat al op allerlei plekke oral in die wêreld gereis het – en wie se wedervaringe opgeteken word deur 'n mediese navorser op die Tygerberg-kampus.

Tot volgende keer,

Hans



*Dekade van opleiding in Finansiële Risikobestuur:*

# Ook híér maak die Universiteit 'n verskil

Ná die onlangse *"credit crunch"* is ons almal opnuut bewus van die potensieel hoë risiko waaraan 'n mens se beleggings (soos jou aftree- of pensioenfonds) onderhewig is.

Om beleggingsfondse goed te bestuur gedurende tye van onstabiliteit en hoë volatiliteit in die markte word wiskundig-statistiese modelle al hoe meer gebruik om risiko te meet en die pryse van gesofistikeerde finansiële produkte te bepaal, deur sogenaamde arbitrage prysingsteorie.

Finansiële Risikobestuur is die (relatief nuwe) dissipline wat juis die bestudering en modellering van risiko behels. Dit word internasionaal gedryf deur die behoefte om optimale opbrengste te genereer op beleggings wat aan risiko onderhewig is.

Die aannames vir die modelle wat gebruik word, moet voordurend getoets en verfyn word om beter modelle te ontwikkel. Hoe meer volatiel finansiële markte is, hoe moeiliker raak dit om die toenemende aantal komplekse finansiële instrumente wat op die mark verskyn, te prys en die risiko's daarvan te meet. Betroubare modelle daarvoor word dus al hoe belangriker.

In die laat 1900's het formele opleidingsprogramme in Finansiële Risikobestuur (soms ook Finansiële Wiskunde, Finansiële Ingenieurswese of Kwantitatiewe Finansiële Analise genoem) wêreldwyd by universiteite begin posvat.

Dié opleidingsprogramme het ten doel om aan die finansiële beleggingswêreld kwantitatiewe analiste (*quants*) te lewer – met 'n grondige kennis van die wiskundige en statistiese teorieë en gedrag onderliggend aan die finansiële markte. Plaaslik en internasionaal is daar 'n groot aanvraag na mense met sulke opleiding.

Die US se Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap het dus in 2000 met honneurs- en meestersprogramme in Finansiële Risikobestuur begin – en dit het uitstekende studente gelok.

Sedert 2003 word Finansiële Risikobestuur ook as 'n tweede- en derdejaarvak aangebied. 'n Aantal navorsingsprojekte is reeds voltooi wat neerslag gevind het in internasionale joernale en referate by internasionale konferensies.

Daar is baie gou besef dat dié soort opleiding nie sonder kundighede en steun uit die finansiële wêreld kan geskied nie. Kundiges uit die praktyk bied dus ook modules vir die studente aan. Ervare portefeuljebestuurders, tegniese analiste en finansiële risikobestuurders bied byvoorbeeld kursusse aan in portefeuljebestuurteorie, praktiese finansiële modellering en alternatiewe beleggingsmoontlikhede – om studente met die praktyk se problematiek te konfronteer.

Vennootskappe ondersteun dié opleiding. SAS Institute, 'n internasionaal bekende sagtewaremaatskappy, stel onder meer gesofistikeerde data-ontginnings- en risikopakkette vir opleidingsdoeleindes beskikbaar. Novare, 'n Kaapse fondsbestuur- en aktuariële konsultasiemaatskappy, ondersteun die program finansieel. Van die meestergraadstudente doen ook hulle skripsies in samewerking met Novare deurdat hulle navorsing doen wat vir die maatskappy van waarde is.

Sowat 90 studente het in die afgelope dekade die US verlaat met nagraadse kwalifikasies in Finansiële Risikobestuur. Hulle is gesog in die finansiële beleggingswêreld, ook internasionaal, en van hulle beklee reeds senior posisies waar hulle volgens die Universiteit se pedagogie van hoop 'n verskil maak.

Die opleidingsprogramme in Finansiële Risikobestuur, én kundigheid wat rondom dit gevestig is en steeds ontwikkel word, is vir die US strategies belangrik deurdat uitstekende studente gelok word en hoogs opgeleide kwantitatiewe analiste aan die beleggingswêreld gelewer word – wat weer bydra tot die integriteit van die analise en bestuur van risiko's in die finansiële beleggingswêreld.

*– Professor Willie Conradie*

*Prof Conradie is die koördineerder van die Finansiële Risikobestuur programme in die Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) en was tien jaar gelede 'n medestigter van dié studierigting aan die US*

Kampusnuus *wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en* Kampusklets oppie Rooiplein! *is dié van die betrokke indiwidu en nie noodwendig die standpunt van die* Kampusnuus*-redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.*

BRIEWE

## E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA

## Dankie aan almal wat gehelp het

Ons wil graag ons opregte dank en waardering uitspreek teenoor al die kollegas, vriende, studente en talle ander mense wat in liefde na ons uitgereik het met die brand in ons huis op Stellenbosch op 9 Augustus.

Ons dank ook aan die Universiteit se Beskermingsdienste, SAPD, ADT, Brandweer en Munisipaliteit vir hulle hulp en bystand.

*– Ludolph en Suzette Botha*

## Doen baie meer vir fietsryers

Net 'n voorstel: Kan daar nie doelbewus meer gedoen word om fietsverkeer op die Stellenbosch-kampus aan te moedig nie.

Mense vertel nog van die tyd toe daar gedurende die akademiese jaar elke weeksdag letterlik honderde fietsryers oral op die kampus gesien kon word, met baie fietsrakke en vol van fietse. By baie Europese universiteite is dit ook 'n algemene gesig om duisende fietse op kampus te sien.

Dink net 'n bietjie, waar is al die veilige fietsparkeerplekke hier op ons kampus? 'n Mens moet mooi dink om dan te besef daar is nie eintlik veel hiervan nie, in elk geval nie naastenby soveel soos die hoevele, derduisende studente en personeel nie.

Dit is natuurlik nou ook onveiliger, met baie meer diefstal, om jou fiets vir die dag iewers te los, maar kan daar nie aan veiliger "fietsloodse" gedink word nie?

Daar is natuurlik veral nie goeie, veilige fietspaaie nie. As fietsryer moet 'n mens die hele tyd koes om nie voor jagende karre te beland nie. Fietspaaie moet so aangelê word dat dit die fietsers doelbewus bevoordeel teenoor die motorryers.

Geld wat saam met die Munisipaliteit hieraan bestee word, kan dubbel en dwars langtermyn voordele inhou.

*– Ysterperd*

## We'd like to stay in touch

As a retired staff member of Stellenbosch University, I would very much like to receive Kampusnuus regularly. This used to be the case a number of years ago, but for some reason it has been stopped, perhaps to save on postage money? Many former staff members have served the University for many years, and remain loyal to "Maties". We would like to keep on feeling part of it, and not be merely members of the public who have to rely on newspapers for information about "our" University. –

*– Ms M. Smith, Northern Suburbs*

Send your letter to the Editor: *Kampusnuus* at kampusnuus@sun.ac.za or fax to 021 808 3800 or deliver to Admin B building. You may use a pseudonym, provided that your name and physical/e-mail address (not for publication) is supplied to the editor.

# USB sesde keer beste in SA

Professional Management Review (PMR.africa) het die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) as Suid-Afrika se beste bestuurskool aangewys – met die hoogste algehele punt van 4,14 uit 5 in 'n jaarlikse opname onder geakkrediteerde instansies wat MBA-programme aanbied.

Die resultate spruit uit 'n landwye, lukrake steekproef van 500 lynbestuurders en direkteure of bestuurders van menslike hulpbronne – besluitnemers in SA genoteerde en groot maatskappye, staatsdepartemente en semistaatsinstellings wat werk verskaf aan mense met MBA's.

Dit is die sesde keer in elf jaar ná mekaar dat dié opname die USB as die topbestuurskool aanwys.

# *Viserektor dien weer in Umaluzi se raad*


Anton Jordaan

PROF MAGDA FOURIE (foto), Viserektor: Onderrig, is aangestel as lid van die Derde Umalusi Raad – die kwaliteitsraad vir algemene en verdere onderrig en opleiding in Suid-Afrika.

Dit is onder meer vir die sertifisering van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) verantwoordelik. Haar aanstelling en dié van die raad se 14 ander lede geld tot Junie 2014.

Fourie, wat sedert Oktober 2007 'n viserektor by die US is, het ook in die Tweede Umalusi Raad gedien en beskryf haar heraanstelling as 'n eer en 'n voorreg. Sy beskou die uitbreiding van Umalusi se mandaat deur die Wet op die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk, 2008 – van sertifisering na die ontwikkeling en bestuur van 'n sub-raamwerk van kwalifikasies vir algemene en verdere onderrig – veral as uitdagend, maar baie belangrik vir die toekoms van Suid-Afrikaanse onderrig.

"Om deel te wees van die Umalusi Raad bied my die geleentheid om deel te wees van hierdie opwindende ontwikkelings, maar ook om die verhouding tussen Umalusi en die hoër onderwys-sektor, vir wie die betroubaarheid en geldigheid van die NSS van kardinale belang is, te versterk."

## *Women's Day celebration*

# Develop your own personal voice, says Black Sash director

**Developing one's own voice is a critical step in becoming an agent of social change. This was the message of Ms Marcella Naidoo, national director of the Black Sash, the main speaker at the University's Women's Day celebration in early August.**

The Office of Employment Equity and the Promotion of Diversity, the Unit for Multiculturalism and Diversity (Division for Student Affairs) and the Gender Live and Learn House – which is part of the "live and learn houses" initiative on campus to ensure greater cohesion among students – presented the event.

Speaking on "The role of women in activism", Naidoo emphasized that "advocacy" is essentially about adding one's personal voice towards social change and transformation. In this regard it is very important that people, especially women, develop their own critical voices in terms of their lived experiences.

This may not be an easy exercise, since society generally inhibit women from developing their own voice and it is therefore often more difficult, if not problematic, to learn how to develop and articulate themselves as women to effect interpersonal, institutional and societal change, she said.

Naidoo added that, to become an advocate of social change in terms of gender equity, it is not only important to develop a critical voice, but to ensure that women – socially and institutionally – reflect on the traditional and stereotypical notions upon which gender identities are constructed – and how these are played out in homes, places of work and society at large.

This is vitally important in the case of Stellenbosch University, to bring about gender equity and ultimately change power relations and the prevailing institutional culture.

Naidoo argued that it is of utmost importance that the University be critical and reasonably clear on why it seeks to promote the values that underscore gender parity and equity – regardless of race or rank.

In considering their "inner" personal voices women moreover have to be mindful of creating the spaces for others to develop and articulate their own voices – it is in fact a reciprocal engagement of mutual empowerment.

It is therefore critical to empower men and women when they engage with one another to ensure that the long struggle that South African women have fought will bring about not only gender equity, but how this legacy will in future benefit both their partners and children.


Ms Marcella Naidoo, national director of the Black Sash and Dr Jerome van Wyk, director of Employment Equity and the Promotion of Diversity at SU.

## *New awards for women announced*

At the event, Dr Jerome van Wyk, director of Employment Equity and the Promotion of Diversity at SU, announced the Diversity Awards for Women in Student Leadership to be awarded by his office.

Four awards, worth R5 000 each, will be made – based on performance in leadership, particularly in sensitivity to diversity and fostering a more integrated diverse environment.The awards form part of the university's implementation of its own Gender Advocacy Partnership (GAP) – based on the national Higher Education and Training sector's Declaration on Women in Higher Education – adopted in March 2008.

In months to come, said Van Wyk, his office will announce awards to female staff members of the University, a Leadership Programme as well as a Network Forum for women in higher education.

# ETHICS & RESEARCH

A one-day mini-symposium on 13 September, at the Wallenberg Research Centre on campus.

Keynote speaker: Prof Anton van Niekerk: Science, Research and Ethics.

The programme includes: An overview of scientific integrity and research misconduct; Case studies and panel discussions on aspects of research integrity; Scientific misconduct and financial conflict of interest in research; An overview of SU research ethics committees and processes; and a discussion of the proposed SU policy for investigating alleged research misconduct.

Contact Maléne Fouché at mfouche@sun.ac.za or 021 808 4622) for the full agenda, on how to register online, and for further details.

# *Laserfisikus onder voorste vrouewetenskaplikes in ontwikkelende lande*

Die baanbrekersnavorsing waarmee laserfisikus dr Christine Steenkamp (foto) al sedert haar studentedae aan die Universiteit Stellenbosch besig is, is weer eens beloon – dié keer uit die geledere van vrouewetenskaplikes in ontwikkelende lande wêreldwyd.

Sy is een van net 12 vrouewetenskaplikes van Afrika, die Midde-Ooste, Asië, Latyns-Amerika en die Karibiese Eilande wat deur TWOWS, die Derdewêreldorganisasie vir vroue in die wetenskap ("Third World Organisation for Women in Science"), vir uitnemende navorsing vereer is – tydens dié organisasie se vierde Algemene Vergadering en Internasionale Konferensie in China.

TWOWS is die eerste internasionale forum wat vrouewetenskaplikes van ontwikkelende lande byeenbring om hulle te vestig as groter rolspelers in die ontwikkelingsproses en as volwaardige wetenskaplike en tegnologiese leiers.

Die TWOWS-pryse is vanjaar danksy die Elsevierstigting se New Scholar-toelaag uitgebrei om drie dissiplines, Biologie, Chemie en Fisika/Wiskunde, in vier wêreldstreke te dek. Deur borgskappe van dié stigting en TWAS, die wetenskapakademie vir die ontwikkelende wêreld, het die wenners elkeen 'n kontantprys van $5 000 ontvang. China se adjunkpresident, Xi Jinping, het dit in die Groot Volksaal in Beijing oorhandig.

Steenkamp het vanjaar se TWOWS-prys vir jong vrouewetenskaplikes in die kategorie Fisika/Wiskunde vir die Afrikastreek ontvang ter erkenning van haar uitmuntende werk, veral oor vakuumultraviolet-laserspektroskopie.

Wat dié lid van die US se Lasernavorsingsinstituut en dosent in die Departement Fisika se prestasies selfs merkwaardiger maak, is dat sy haar wetenskaplike uitset op die gebied van eksperimentele fisika behaal het – 'n vakgebied waarvoor daar geen navorsingsinfrastruktuur beskikbaar was toe sy in die 1990's haar fisikaloopbaan in Suid-Afrika begin het nie.

Die ander wenners uit Afrika is die Nigeriërs dr Uchechi Ekwenye van die Michael Okpara-landbou-universiteit (Biologie) en dr Anthonet Ezejiofor verbonde aan die opleidingshospitaal van die Staatsuniversiteit van Abia (Chemie).

Steenkamp het by die TWOWS-konferensie 'n lesing oor haar werk met betrekking tot vakuumultraviolet-laserspektroskopie aangebied. Sy sê sy het verduidelik dat laserbronne wat in die vakuumultraviolet- (vuv-)bestek van die ligspektrum (golflengtes van 100–200 nanometer) lig van verstelbare golflengte bied, nie kommersieel bekombaar is nie, en dat daar wêreldwyd slegs 'n paar sulke bronne bestaan.

In die loop van haar studie en navorsing het Steenkamp egter een sodanige vuv-laserbron by die US se Lasernavorsingsinstituut ontwikkel, waar dit vir innoverende spektroskopiese ondersoeke van superverkoelde koolstofmonoksied- (CO-)molekules gebruik word.

Dié tegnieke het sedertdien data opgelewer wat astrofisici kan gebruik om die resultate te vertolk wat hulle uit ruimtestasiewaarnemings van die interstellêre ruimte bekom.

– ENGELA DUVENAGE



# Playing 'doctor doctor' is not a game on the Tygerberg Campus

On the Tygerberg Campus, students in SU's Faculty of Health Sciences can play "doctor doctor" long before they start working with real life patients.

A sophisticated Clinical Skills Centre on campus provides the students with a fascinating range of simulated models (computerized 'patients'). Some are tiny babies and others as big as life – with beating hearts, bowel and breathing sounds and dilating pupils.

There are also disembodied arms that allow the attachment of a drip or the drawing of blood; heads and torsos for the insertion of chest tubes and other airway devices.

Computerised birth simulators teach students how to handle difficult births and special apparatus can be strapped to a simulated "patient" to teach students to deal with difficult situations, such as patients who pull their arms away while blood is drawn from a vein or during the attachment of a drip.

Some of the models breathe like athletes. They have airways that can be accessed with the latest airway devices; cardiac rhythms and synchronized pulses that allow students to interpret and intervene – using defibrillators and other devices – and their pupils can be examined so that the student can learn the difference between normal, constricted or dilated pupils.

The head of this state-of-the-art centre, Sister Elize Archer, explains that SU students are exposed to clinical activities and patient contact very early in their training.

Medical students may have their first contact with patients towards the end of the second year of training and by the third year they must be able to perform basic medical procedures such as the drawing of blood, wound stitching, attaching an intravenous drip and assisting in the operating theatre.

The Clinical Skills Centre enables the students to master skills such as these and others in a safe environment, says Archer.

Needle-stick injuries represent a constant danger for health sciences students and other health care workers since it may expose them to blood-borne diseases such as HIV. Such injuries require immediate prophylactic HIV treatment which not only causes emotional strain for the person involved, but also has financial implications for the teaching hospital.

To prevent such injuries and sharpen the skills of students, the centre recently acquired an additional number of special plastic arms that allow students to practice the skills that are required for the drawing of blood or the insertion of drips.

One of the centre's valuable resources is a simulated operating theatre, equipped with models for training in anaesthesia techniques. All medical students are required to complete a training course in this simulated theatre before they receive training in anaesthesia in the Tygerberg Hospital.

One of the aims of the centre is to get more involved in postgraduate training. Recently the centre underwent various structural changes, amongst others to accommodate postgraduate anaesthesiology students. This included a special room where the students learn difficult airway procedures on a simulated model. The centre also has a model for laparoscopic surgery that is used by postgraduate gynecological, surgery and urology students.

The centre is always open to students who want to practice their skills under the guidance of a registered nurse or even other health care professionals like doctors, physiotherapists, dieticians, occupational- or speech therapists.

– Sybelle Albrecht





Top: Head of the Clinical Skills Centre, Sister Elize Archer, demonstrating resuscitation to a group of medical students.

Left: A student practices his skills under the guidance of Prof Andrew Levin of the Department of Anaesthesiology.

# Meeting Madagascar's maths minds




Stellenbosch University mathematician Prof Florian Breuer (third from the left), along with prospective PhD student Heriniaina Razafinjatovo, former AIMS and SU student Tahina Rakotoniaina, their inspirational Malagasy lecturer Dr Gerard Razafimanantsoa, a unknown local mathematics teacher, and AIMS tutor and prospective PhD student Andry Rabenantoandro.

"Mathematics" and "Madagascar" are two words that sound good on the ear in combination, but are seldom used together in general conversation. That's unless you are Prof Florian Breuer of the Department of Mathematical Sciences, of course, who has through his involvement at the African Institute for Mathematical Sciences (AIMS), come to realise that there are some very strong mathematical minds coming from Madagascar.

"Some of the best students at AIMS in the past few years were Malagasy," he says. Tahina Rakotoniaina, for instance, did his AIMS essay under Prof Breuer's supervision in 2006, and completed his MSc at Stellenbosch University in 2008. He is currently in Madagascar, and have applied for a PhD position abroad.

Prof Breuer recently paid a visit to Africa's largest island, and says he was inspired and amazed at the quality of work being done at the University of Antananarivo under very difficult circumstances. "In the whole university, there was not one working fax machine," he remembers his difficulties in trying to fax a document. "So do not be so quick to moan when the Internet connection is a bit slow here at Stellenbosch!"

He spent a week at that university teaching a course in elliptic curves, which he says attracted him students who are better equipped than those he normally has in his class in Stellenbosch. "I believe the students had a much better grasp of the subject than your average honours students."

He is now considering taking on two postgraduate students from Madagascar, if the necessary funding and logistics can be put in place. Colleague Prof Stephan Wagner is already the study leader of one Malagasy PhD student.

"They work in extreme isolation, but with the guidance of inspiring teachers such as Gerard Razafimanantsoa their university is able to bring forth brilliant graduate students in mathematics," Prof Breuer says.

"I'd like to encourage other academics, especially those fluent in French, to also visit the island to collaborate and provide input in Madagascar."

– Engela Duvenage

# *Lynne Rippenaar in new post at Arts and Social Sciences*

After being editor of *Kampusnuus* since late 2005, Lynne Rippenaar (photo) is now the part-time marketing officer of the Faculty of Arts and Social Sciences. She took up her new post at the beginning of August.




Her responsibilities include the coordination of the faculty's marketing and recruitment initiatives, compiling various publications, brochures and advertisements that focus on teaching and research programmes, and handling the faculty's outreach actions.

"I'll also be involved in information sessions for prospective learners, parents and educators, maintaining and updating the faculty's website and liaising with faculties, university departments, alumni, the media and graphic designers," says Lynne.

### *Increase visibility*

She hopes to increase the visibility of the faculty and its 18 departments and 10 centres that focus on a wide range of disciplines.

"We are very excited to welcome Lynne to the Faculty. Through this appointment we will benefit directly from her vast experience as a broadcast and print journalist and her knowledge of marketing," says Prof Hennie Kotzé, dean of the faculty.

He added that "she will not only be instrumental in marketing the faculty on internal and external platforms, but will focus in particular on strengthening the faculty's relationship with its alumni in South Africa and the world."

After studying journalism at the Peninsula Technikon (now the Cape Peninsula University of Technology) and obtaining an honours degree in English (UWC) she is now doing an MA in English at Stellenbosch University (SU).

She was one of a handful of CPUT graduates to participate in the Business Day/Financial Mail Graduate Trainee Programme in financial journalism in 2000 and then worked for Financial Mail, Business Day and several other papers, magazines as well as television and radio stations.

Her MA thesis (on *Unconfessing women: Truth, power and memory in fiction by Christiansë, Ndebele and Wicomb*) enables her "to focus on various themes such as identity and identity formation, race and race construction, transformation, reconciliation and failures in reconciliation, feminism and gender as well as issues around power, memory, whiteness and blackness."

Last year, she spent several months in Sweden as the first student to participate in a research exchange programme between Stellenbosch University's English Department and the Humanities Department at Växjö (now Linnaeus) University. "I also worked as a teaching assistant to one of the professors on a course focused on gender."

### *Member of HERS-SA*

She was recently selected to serve on campus as one of four members of HERS-SA, a non-profit organisation working for the advancement and empowerment of women in higher education. The other three are Dr Antoinette van der Merwe, Prof Karen Esler and Ms Charmaine Klein.

Lynne grew up in Stellenbosch. Her husband, Eldridge Moses, is a lecturer in the Department of Economics at SU.

– Hans Oosthuizen

# MBA graduate nominated for international award



**Entrepreneur and MBA graduate Will Coetsee (photo) is one of four finalists who were nominated from business schools across the globe for *The Independent* MBA Student of the Year Award 2010.**

He is only the second University of Stellenbosch Business School (USB) student to be considered for this prestigious award.

"I am very proud and honoured to represent my family, our business and the USB, but also South African MBAs in general," says Will, who runs a safari and craft art family business in the remote town of Alldays, Limpopo along with his parents and siblings.

"This is a wonderful opportunity to show the world that South Africa's business education is on par with the rest of the world."

*The Association of MBAs* (AMBA) the international impartial authority on postgraduate business education, presents the award. The winner will be announced in London in November.

AMBA was established in 1967. The USB is the first business school in Africa to receive AMBA's accreditation.

"It is brilliant that the AMBA supports MBA graduates who are committed to making the world of work a better place," says Will, who also received the USB Director's Award for Leadership recently.

In managing their business, the Coetzee family uses the triple bottom line or social entrepreneurship approach – where social development, environmental sustainability and financial gain are taken into equal consideration in the running of a business.

His decision to change the approach of the family business was based on the realisation that if they did not "address the severe social and environmental problems" in their area, their business would not be sustainably profitable in the long-term.

The family started a business in 2000 that focused on "offering highly differentiated accommodation" in the Limpopo Valley. "We realised that the local communities were not only unbelievably poor, but had high rates of HIV infection and low literacy levels," says Will.

"We had to do something to change the situation. It started as a purely self-interested move to contract the best possible employees. However, in 2007, I decided to study an MBA to learn business skills that could make our business more successful. I wanted to learn what we were doing right and wrong, but more importantly, to assist the community by conducting our business better."

The Coetsees established a non-profit foundation, the Mogalakwena Development Fund, to improve the social circumstances of company employees, their dependants and family members. The foundation now also offers annual first aid training, AIDS awareness and prevention workshops, skills training and children's art workshops.

The family recently entered into a joint venture with a German and French company to "extract active ingredients from some indigenous plants for the cosmetic industry".

Will plans to return to his alma mater in 2011 to pursue a PhD, focusing on strategies to market South African cultural products in Europe, and will do part of the research through Reims Management School in France.

– Lynne Rippenaar




# *Woordeboek nou ook op selfoon*

Die ganse WAT het pas op 'n selfoon beskikbaar geword. Dit beteken dat die ekwivalent van bykans 9 000 gedrukte bladsye van die omvattendste Afrikaanse woordeboek in jou handpalm gehou kan word en op 'n skerm skaars groter as 'n vuurhoutjiedosie gelees kan word.

Op dié foto sien 'n mens hoe vertoon die inskrywing by die woord *replika* op 'n selfoon. In die lysie regs op die skerm verskyn die ander artikels in die woordeboek waarin die woord *replika* figureer, gewoonlik in die definisies van ander woorde.

Die WAT op selfoon is egter heelwat meer as 'n replika van die gedrukte weergawe op 'n kleiner skaal. Elke inligtingsoort is in 'n ander kleur – die trefwoord in blou vetdruk, die woordsoort in pers, die definisie in swart, die voorbeeld-sinne in groen, en so meer. Verskeie gevorderde soektogte kan in 'n breukdeel van 'n sekonde uitgevoer word.

Die WAT (A tot R) is reeds in gedrukte formaat, as 'n CD en op die internet beskikbaar. Meer inligting is verkrygbaar by 021 8873113 of www.wat.co.za

Foto: Helmie Dreije

'n Sielkunde-navorser by die Universiteit Stellenbosch wil deur doktorale navorsing vasstel of honde kinders kan help om hul leesvaardighede te verbeter. Stephanie Nieuwoudt het met haar gesels.

# Mens se 'beste vriend' help dalk met leesonderrig

Die hond is die mens se beste vriend, word daar gesê. Dié oeroue verhouding bereik 'n dieper vlak as dié beste vriende ingespan word om eensame, siek en gestremde mense te help.

Marieanna le Roux is as navorser by die Departement Sielkunde en aktiewe lid van die organisasie Pets as Therapy (PAT) al jare lank betrokke by troeteldier-ondersteunde terapie. Nou wil sy vir haar doktorale proefskrif klem lê op die gebruik van honde in leesonderrig onder graad 3-leerders.

"As 'n kind in die klaskamer sukkel om te lees, het dit 'n negatiewe uitwerking op akademiese prestasie. Dit kan selfvertroue knou," sê sy.

Tydens die program wat oor tien weke sal strek, gaan die kind vir 'n hond lees.

Die hond se eienaar sal ook in die vertrek wees en as die leerder oor 'n woord of sin struikel, gaan byvoorbeeld gesê word: "Herhaal, die hond het nie mooi gehoor nie."

Die aandag is dus deurentyd op die hond – weg van die klaskamersituasie waar 'n kind voor klasmaats gespanne en selfbewus voel en die leesprobleem dalk erger is, sê Le Roux.

"Selfs gesoute openbare sprekers wat voor ander moet praat, ervaar 'n mate van angs. Kinders wat met 'n leesprobleem sukkel en gedwing word om voor ander hardop te lees, se angsvlakke is hoog. Die hond is 'n niekritiese luisteraar wat die kind en sy probleme onvoorwaardelik aanvaar."

In Amerika is groot welslae al bereik met dié soort terapie. Die organisasie Reading Education Assistance Dogs (READ) pas dit sedert 1999 toe.

"Ons weet nog nie of die terapie in Suid-Afrika gaan werk of hoe suksesvol dit gaan wees nie," sê Le Roux. "Hier is nog min navorsing oor troeteldier-ondersteunde terapie gedoen, maar daar is reeds bewys dat die individu se bloeddrukvlakke daal en sy polsslag verlaag deur eenvoudig net aan 'n hond te raak."

Le Roux en 'n span meestersgraadstudente het al onder meer by 'n tehuis vir intellektueel gestremdes en een vir bejaardes met honde gewerk. Op foto's teen 'n muur in haar kantoor sit haar bokserhond, Pietie – wat met die studente saamgewerk het – pens en pootjies op 'n gryskopvrou se skoot.

"Die vrou is blind en was altyd stil en eenkant. Sy kon nie genoeg kry van die nabyheid van 'n ander lewende wese nie en sou altyd haar gesig en spesifiek haar oë draai dat Pietie dit kon lek."

Van die inwoners in die tehuis het ook vertel hoe hulle altyd in stilte, vasgevang in hul eie gedagtes, in die gemeenskapsaal gesit het. Al was daar altyd baie mense om hulle het hulle nie met mekaar gesels nie. Die bejaardes het niks vir mekaar te sê gehad nie. Maar na die terapiehond se eerste besoek het hulle skielik baie gehad om oor te gesels. "Hulle het vir mekaar vertel van die honde in hul lewens, hulle het gepraat oor die terapiehond en hulle het iets gehad om na uit te sien."

Baie navorsing is egter nog nodig om te bepaal hoe doeltreffend troeteldier-ondersteunde terapie werklik is, waarsku Le Roux.

"By die tehuis vir bejaardes het ons die mense se bloeddruk en angsvlakke gemeet en ook pynmetings gedoen. Na ses besoeke van die terapiehond was daar 'n afname in al die tellings, maar nie beduidend nie. Daar was wel 'n beduidende afname in inwoners se depressievlakke."

Vir terapiegebruik moet 'n hond minstens twee jaar oud wees en oor sekere eienskappe beskik. Een wat uitbundig teen mense opspring, kan nie na 'n hospitaal of tehuis vir bejaardes geneem word of met graad 3-leerders werk nie.

> *"Die hond is 'n onkritiese luisteraar wat die kind en sy probleme onvoorwaardelik aanvaar."*
> – Marieanna le Roux

"Jy moet weet of die hond gemaklik gaan wees met die nuwe reuke, geluide en voorwerpe in dié verskillende omgewings."

Pietie was ná so 'n uur by 'n tehuis doodmoeg want sy het ook van die probleme om haar ervaar. Terug by die huis het sy dadelik aan die slaap geraak, vertel Le Roux. "Die hond ervaar self spanning omdat sy tussen siek en afgetakelde mense op 'n sekere manier moet optree."

Vir die breë publiek kan die afname in bloeddruk, angs en pynervaring dalk lyk na goeie nuus, maar wat kliniese toetse betref, is die wetenskaplikes nog versigtig – behalwe oor die depressiemetings.

Gegewens, soos die mense in die tehuis vir bejaardes wat spontaan met mekaar begin gesels het, toon egter duidelik: troeteldier-ondersteunde terapie het gewis 'n rol te speel.

■ Kontak Marieanna le Roux by 021-8083444 of mclr@sun.ac.za of besoek die webwerf www.pat.org.za as jy betrokke wil raak.




Anton Jordaan

# Drie bied intreeredes aan

Links: Twee dosente van die Departement Wiskundige Wetenskappe, proff Ingrid Rewitzky en Willem Visser (in die middel op dié foto) het albei in Augustus hul professorale intreeredes aangebied. Rewitzky se intreerede was getitel *Duality: Windows to the Mathematical World* en Visser s'n *From Computer Science to Software Engineering*. Hulle is hier by dié geleentheid by proff Eugene Cloete (links), dekaan van Natuurwetenskappe, en Russel Botman, Rektor en Visekanselier.

Regs: Prof Bill Nasson (middel) van die Department Geskiedenis het sy intreerede in die Jannaschsaal in die Konservatorium gehou — oor "Can an abnormal country ever have a normal history?" By hom is Lettere en Sosiale Wetenskappe se dekaan, prof Hennie Kotzé (links) en prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing.



Liezl Scholtz

# Speurhond en akademikus reis saam deur die wêreld

Die hoof van die Afdeling Mediese Mikrobiologie op die Tygerbergkampus is nie net 'n mediese dokter, navorser, akademikus en voorslag-dosent nie; sy het ook oor die afgelope twee jaar besondere opgang gemaak in die wonderwêreld van kinderliteratuur – met twee van haar pennevrugte reeds op die rak en nog 'n paar in die pyplyn! Sybelle Albrecht het met prof Elizabeth Wasserman oor haar kinderboeke gesels.




Multitalentvolle akademikus en skrywer, Elizabeth Wasserman.

Met 'n loopbaan wat haar dikwels op ver paaie neem en 'n dogter wat "stories as presente" verkies, het Elizabeth se alternatiewe loopbaan as't ware beslag gekry op vliegtuie, treine, busse en in die straatkafees van stede soos Venesië, Istanboel en Parys.

Sy vertel dat sy as akademikus dikwels oorsee moes reis en studeer, veral toe haar dogter, Marcelle – nou elf jaar oud – heelwat kleiner was.

By sulke geleenthede wou Marcelle altyd stories as presente hê. Dit is toe dat Elizabeth begin het om vir Marcelle rympies op vliegtuie te skryf en dit per e-pos aan haar te stuur.




In 2009 het dié einste rympies hul pad gevind na 'n vrolike bundel met die titel *Meerkatrestaurant en ander DierERYMPIES*.

Intussen is daar ook kinderverse van haar en ander skrywers in 'n versamelbundel opgeneem en in 2008, terwyl *Meerkatrestaurant* en die versamelbundel by die uitgewers in wording was, het Elizabeth op 'n studiebesoek in Europa vir *Speurhond Willem* opgetower.

"Ek wou graag die opwinding van reis en die ontdekking van nuwe plekke op 'n opwindende manier aan Marcelle oordra. Ek kry toe die gedagte om haar hond, Willem – 'n gespikkelde spanjoel – as 'n karakter in 'n speurstorie te gebruik.

"In die boek laat 'n valerige seun en sy buitengewone brak, Willem, 'n klomp boewe les opsê in 'n avontuur wat in Parys, Istanboel en ander Europese stede afspeel. My manier van skryf, op busse en straatkafees, het goed gewerk om die regte atmosfeer te skep," vertel sy.

"Wasseman verstaan die kuns om te vertel en sy verstaan kinders en diere," skryf die resensent Jeanette Ferreira in *Die Burger*, kort na die verskyning van *Speurhond Willem*, vroeër vanjaar. En sy voeg by: "Hierdie skrywer móét net haar lesers met opvolgavonture van die kranige Willem beloon."

Die hoop het nie beskaam nie. Op 'n onlangse wildtuinvakansie en tydens 'n reis na eilande aan die ooskus van Afrika, het Willem sy speurwerk voortgesit en daar is reeds twee nuwe Willem-stories op die uitgewer se tafel, sê Elizabeth.

Hoewel sy maar skamerig is oor haar nuwe skrywersloopbaan en nie weet "hoe verkoop 'n mens so 'n lawwe stokperdjie aan jou akademiese kollegas nie," is haar skryfwerk iets wat elke werkende ma sal verstaan.. Dit is haar manier om 'n besige loopbaan en 'n gesin te balanseer, sê sy.

Al hou haar skrywery min verband met haar akademiese loopbaan, help die werksdissipline wat sy as akademikus en mediese dokter moes aanleer, om deur die "punteneriige en langdradige proses van publikasie" te kom.

"Dit is nie altyd speletjies om 'n kinderboek te skryf nie. Behalwe van die lekker van stories uitdink, verg dit ook harde werk en in my geval, soms onmoontlike ure, " vertel Elizabeth.

"Maar as opvoeder gee dit my baie plesier. 'n Oulike aktiwiteitsgids, sowel as 'n ouer- en onderwysershandleiding, is deur *KleinBurger* vir *Speurhond Willem op Reis* saamgestel en dit lyk of kinders darem iets daaruit sal kan leer ook!

"Die boek is vir graad IV in sommige skole voorgeskryf, en ons Willem-hond geniet al die aandag wat hy deesdae van ons buurt se kinders kry."

# Tackling the challenge of 'mobile money'

New technologies such as mobile phones transform the landscape of retail financial services. Financial sector regulators of 35 developing countries recently attended a seminar at the Bellville Park campus on the regulatory challenges of "mobile money".

The Centre for Financial Regulation and Inclusion (Cenfri) and USB Executive Development (USB-ED), the public executive development and training company of the University of Stellenbosch Business School (USB), hosted the seminar early in August.

Non-financial services players such as mobile phone operators enter the payment service business and extend access to financial services to people not previously reached by banks.

There has been much growth of mobile-based financial services globally in recent years. South Africa itself has seen a recent increase of activity in this space with the introduction of new models such as FNB eWallet and M-PESA (Vodacom and Nedbank).

Mobile financial services have the potential to reach millions of unserved people, but also expose financial sectors and payment systems to new risks. Existing regulations and approaches to financial sector supervision do not yet fully address these risks.

The regulators and policymakers attending the seminar included central bank deputy governors and central bank heads of payment system and banking supervision divisions in Ghana, Kenya, Malawi, Mozambique, Namibia, Nigeria, Rwanda, South Africa, Tanzania, Uganda, Zambia and Zimbabwe. Representatives from Mexico, Malaysia, Russia, the Philippines, Pakistan and Ecuador also attended the event.

"During the last few years there has been a growing interest globally and, specifically, here in Africa to provide financial services to people that have traditionally not been served by banks. Regulators now have to deal with the challenges of regulating unconventional, innovative financial services that are being created in response to this need" says Doubell Chamberlain, Cenfri's executive director.

USB-ED chief executive officer, Frik Landman, says the seminar enabled USB-ED to engage with two areas of development that they are very passionate about – financial services innovation and the training of African policymakers.

The Alliance for Financial Inclusion (AFI) funded the training event. The Bill and Melinda Gates Foundation supports the activities of AFI – a knowledge network of central banks and other financial regulatory bodies in developing countries.

The seminar culminated in the establishment of the AFI Working Group on Mobile Financial Services.

# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

**TE KOOP / FOR SALE**

**Te koop:** Boombas vir tuingebruik te koop. R30 per 50-liter sak. Sel: 083 991 7350.

**Suiwer Heuning:** 500 g teen R25. Kontak Sas De Kock by 021 887 0988 of 084 823 8909.

**Pool Pump:** Brand-new pool pump for 30 000 litre pool for sale: R1 000. Please call 082 979 4667.

**TE HUUR / TO LET**

**Somerset-Wes:** Woonstel vir 1 persoon in veiligheidskompleks in stil area.






Ongemeubileerd. Ruim slaapkamer met en suite badkamer, sit/eetkamer en balkon met pragtige uitsig, kombuis, private ingang, veilige parkering, ADT. Nie-roker. Geen studente. R3 100.00 per maand, water en elektrisiteit ingesluit. Skakel 021 855 4495 of 082 332 7220.

**Stellenbosch:** 2 Bedroom flat. R4 500 per month + R250 once-off fee for undercover parking. Shower & bath. Build in cupboards. Situated in Rustenburg Road, Idas Valley. Available from 1 December 2010. Viewing can be arranged. Contact 082 806 0446 or mailto: rosman@sun.ac.za

**VERBLYF / ACCOMMODATION**

**Stellenbosch:** Selfversorgende akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130-00 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self, of besoek www.121jonkershoekroad.co.za

Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

**SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS**

**Southern suburbs – Stellenbosch:** Lift needed. Please contact L Rademeyer 021 887 3113 (office) or after-hours 021 797 9649, or email lr2@sun.ac.za

**Somerset-Wes – Stellenbosch:** Persoon met eie motor word gesoek vir saamryklub, Ma-Vr 08:00 tot 13:00. Kontak Alma 021 808 2117 (informa@sun.ac.za) of Vanessa 021 808 2500 (vs@sun.ac.za)

**Brackenfell – Stellenbosch:** I am looking to join a lift club to and from Stellenbosch daily. I live in Vredekloof, Brackenfell. Please contact me at 021 808 9165.

**Kuilsrivier – Stellenbosch:** Saamryklub gesoek tussen Kuilsrivier en Stellenbosch. Beskik oor eie motor. Kontak 021 808 4914 of mrichter@sun.ac.za

**Brackenfell – Tygerberg:** I would like to join a lift club to and from Tygerberg Campus daily. I stay in Vredekloof Heights, Brackenfell. Please contact Annie on 082 923 5150 or barker@sun.ac.za

**Stellenbosch – Tygerberg:** I am looking to join a lift club from Stellenbosch to Tygerberg and is willing to share the petrol expenses. Please contact Koushik, koushik@sun.ac.za or 084 83 00 113.

**Wellington – Stellenbosch:** Saamryklub gesoek. Beskik oor eie motor. Kontak Mariska 021 808 2470 / 082 222 3032 / rsfswilgenhof@sun.ac.za

**DIENSTE / SERVICES**

## CANSA BEPLAN 'RELAY FOR LIFE'

Die Kankervereniging van SA (Cansa) beplan 'n "Relay for Life" op 6-7 November waarin spanne van 12-14 lede om 'n baan stap of draf. Dit is 'n geleentheid vir die publiek om betrokke te raak in die stryd teen kanker. Kry besonderhede by Johanita@vodamail.co.za of 083 556 0857.

**Tikwerk en Dokumentuitleg:** Die tik en dokumentuitleg van enige tipe dokumente (tesisse, CV, ens). Kontak Karin (083 581 7756).

**Charwerk gesoek:** My char van die afgelope 15 jaar (Xhosa-sprekend, Afrikaans uiters goed magtig, verstaan Engels) soek dringend werk vir Woensdae of Saterdae in die Somerset-Wes/Strand/Stellenbosch/Kuilsrivier/Bellville





**MANDJIES!**

Raffia, hemp- en gras- mandjies! Vir jou boeke, skoene, wasgoed, handdoeke, tydskrifte, piekniek of jou inkopies! Verskillende groottes en soorte, bont of natuurlike kleur.

By die BioBou geskenkwinkel in die Botaniese Tuin

***BASKETS!***

*Raffia, hemp and grass baskets! For your books, shoes, laundry, beach towels, picnics and your shopping! In various sorts, sizes and colours.*

*At the BioBou Gift shop in the Botanical Garden*

Kontak/Contact
Michelle Steenkamp
Tel. 021 808 9208 / 3054
BioBou, Botaniese Tuin
Botanical Garden



# Maxym conducts soloists choir, brass ensemble

The University of Stellenbosch Symphonic Brass Ensemble (USSBE) and the soloists choir Schola Cantorum will present a concert with Robert Maxym as guest conductor in the Endler Hall on 17 September (20:00).

The USSBE's programme will include *Three Songs* by Tod Matshikiza, arranged by Maxym, and Schola Cantorum will perform the *Rutter Gloria*.

Maxym, who has lived in South Africa since 1993, has been a guest conductor in Western and Eastern Europe, Latin America and South Africa. He has worked towards educational and cultural upliftment through music among disadvantaged Gauteng communities.

As an orchestrator and composer, his collaboration with Mzilikazi Khumalo and Themba Msimang on the orchestration of *uShaka* was followed by the orchestration of three Todd Matshikiza choruses; and the reconciliation and orchestral enhancement of Jacqueline Martens' 1955 opera, *Children of Africa*, at the urging of her grandson, prominent South African cellist Peter Martens.

## *Wêreldpremière in Endlersaal*



VIOLIS Suzanne Martens (foto) is die solis in die wêreldpremière van T Ranja se vioolkonsert, in die Endlersaal op 2 Oktober. Die Universiteit Stellenbosch Simfonieorkes word gedirigeer deur Corvin Matei en die ander werke op die program is Schumann se "Genoveva" Overture en Brahms se Eerste Simfonie. Kry kaartjies vir dié simfoniekonsert (20:00) by Computicket; of navrae: 021 808 2343 (kantoortyd).

## ATKV-Muziq lok rekordgetal

'n Rekordgetal van 140 inskrywings is vir vanjaar se ATKV-Muziq Kompetisie ontvang. Daar was sewe streekoudisies oral in die land om die 30 topkandidate aan te wys. Die finale beoordeling is gedurende 6-10 September – waarna die algehele wenner tydens 'n galakonsert op Saterdagaand 11 September in die Endlersaal aangewys gaan word.



A landscape by Conrad Theys, part of a retrospective exhibition at the University's Sasol Art Museum (Ryneveld Street). The exhibition is presented in collaboration with the Stellenbosch Kunsgalery (also in Ryneveld Street) which hosts a birthday exhibition to celebrate this artist's 70th birthday. Both exhibitions end on 30 September.

## *Durbanse orkes nooi Matie as tjellosolis*



TOBIAS KOTZÉ (foto), 'n tweedejaarstudent in musiek, is genooi om op 30 September as tjellosolis saam met die Natalse Filharmoniese Orkes in die Durbanse Stadsaal op te tree. Hy gaan *Kol Nidrei* uitvoer – 'n werk van Max Bruch.

Sy tjellodosent, me Dalena Roux van die Departement Musiek, rig hom sedert sy skooljare sewe jaar gelede af. Hy het twee keer somerskole in Oostenryk bygewoon, vir intensiewe onderrig deur prof Heidi Litschauer van Salzburg, en lesgeneem by Thomas Caroll (Royal College of Music, Londen) en Cobus Swanepoel (Hochschule für Musik, Zurich) tydens hul besoeke aan Suid-Afrika.

Kotzé speel gereeld in die US Simfonieorkes en neem vir sy BMus-kursus sang as tweede instrument. In 2008 was hy 'n semifinalis en in 2009 die enigste tjellis wat vir die Artscape-jeugmusiekkompetisie gekies is.

September gaan vir hom bésig wees – hy speel Unisa se graad agt tjello-eksamen, sing ook die graad sewe sangeksamen én is een van net vier strykers landwyd wat gekies is om aan die ATKV-Muzik kompetisie deel te neem.



Anton Jordaan

André van der Merwe (voor) en prof Russel Botman met die koorlede by die reusebanier waarmee hulle verwelkom is.

# US Koor wéér wêreldwenners

**Die Stellenbosse Universiteitskoor onder leiding van André van der Merwe het as wêreldwenners teruggekom uit China waar 450 kore van sowat 80 lande in Julie aan die wêreld se grootste koorfees deelgeneem het.**

By die vorige wêreldkoorspele, in 2008 in Oostenryk, het die Maties ook goud gewen en beklee steeds die eerste posisie vir *Musica Sacra* op Interkultur, 'n internasionale kultuurvereniging, se wêreldranglys van duisend topkore.

In China het die koor in albei kategorieë waaraan hulle deelgeneem het (gemengde kore en kontemporêre musiek) as wenners goue medaljes losgeslaan. Hulle algehele gemiddeld was 95,8% – die hoogste in die kompetisie. Van der Merwe sê die Interkultur-puntesisteem maak dit báie moeilik om meer as 90% te behaal.

Voorbereidings vir die kompetisie het in Oktober 2009 al begin met 'n lang oudisieproses om die 112 koorlede te kies. Bladmusiek is in die Desember-vakansie ingestudeer.

"Julle het ons diep gelukkig gemaak," het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, gesê toe hy die koor formeel op kampus terugverwelkom het. Die koor was uitstekende ambassadeurs, met goeie televisie-, radio- en koerantdekking.

Die koor tree op 10 en 17 Oktober (16:30) in die Endlersaal op. Kry kaartjies (R80) by 021 948 4046 (vir10 Oktober) en 021 808 2345 (17 Oktober).

# Celebrated Russian plays Chopin

**The Endler Concert Series will host an additional concert to celebrate and commemorate the 200th anniversary of Chopin's birth. Internationally acclaimed award winning Russian pianist Vassily Primakov (photo) will take to the stage for an all Chopin programme.**

Primakov is on a nationwide tour of South Africa, performing recitals and concerti in all the major centres.

In 2007 he was named Classical Recording Foundation's "Young Artist of the Year" and his recording of Chopin's Mazurkas was named "Best of the Year" by national public radio.

The Endler Hall recital will begin and end with two great masterpieces, the Sonata No.1 in c minor opus 4 and the Sonata No.3 in b minor opus 58. Both these sonatas are substantial works with four movements each. These will be complimented by a number of characteristic shorter works including a Mazurka, Waltz and Nocturne as well as the much loved Barcarolle in F # major opus 60.

Chopin's fluid and graceful style, characterized by cascades of beautiful florid pianistic embellishment have captured the hearts of a great many people worldwide, earning Chopin his rightful place amongst the greatest pianist/composers of all time.

Tickets for this concert (Endler Hall, 20:00, 10 September) are available at Computicket outlets countrywide or on 083 915 8000. Prices at R85 and student/pensioner tickets R65, exclude a Computicket service charge. Box office at the Endler Hall will open at 19:00 on the night. Further enquiries: 021 808 2343 during office hours.



Konstantin Soukhovetski

## *De Bliquy presents lithography classes*

The celebrated artist Leon de Bliquy, whose exhibition on campus closed early in August, is presenting *Get to know lithography* at the Sasol Art Museum, Ryneveld Street, until the end of November.

These lithography classes will be on 11 and 18 September, 9 and 16 October and 13 and 20 November, during 09:00-12:00 each day.

Booking (at 021 808 3695) is essential because only ten participants per class can be accommodated. Cost: R120 per session.


## BOEKE / BOOKS

*Kerk en orde vandag: Met die klem op die NG Kerk* deur prof PJ Strauss, uitgegee deur SUN MeDIA Bloemfontein is onlangs by 'n funksie in die Fakulteit Teologie bekendgestel.




Hierdie publikasie het ten doel om aan die leser 'n inleidende greep op die gereformeerde kerkreg te gee. Daarom konsentreer dit op temas wat oor die hele spektrum van die gereformeerde kerkreg versprei lê.

*Conference Proceedings: Social Transformation, Leadership and Healing* comprises the proceedings of a conference at the University of the Western Cape in 2008.




Politicians, scholars, national leaders, social workers and postgraduate students share their perspectives on the importance of the role played by leadership and healing in a context of social transformation, and how these three themes are linked together.

These titles are available from African SUNMeDIA Pty (Ltd)

www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za africansunmedia@sun.ac.za 021 808 2401 021 808 2626





Links: Luvo Manyonga met sy goue medalje by die Junior Wêreld-atletiekbyeenkoms in Kanada. Bo is sy afrigter, Mario Smith.

# Atleet word wêreldkampioen

**Luvo Manyonga, 'n lid van die Matie-atletiekklub, het vroeër vanjaar in Duitsland met 'n sprong van 7,99 m die junior wêreldkampioen in verspring geword – pas nadat hy 'n nuwe Afrika- en SA Junior-rekord met 'n sprong van 8,19 m opgestel het.**

Die vorige SA rekord vir juniors was 8,09 m en die Afrikarekord vir juniors was 8,12 m.

In Julie het Manyonga by die Junior Wêreld-atletiekbyeenkoms in Kanada 'n goue medalje verower – danksy 'n indrukwekkende sprong van 7,99 m.

Dié jong atleet het beslis die potensiaal om vorentoe een van die wêreld se beste senior verspringers te word, sê sy afrigter, Mario Smith van Maties Sport se Atletiekkantoor.

"Luvo het verlede jaar by die Junior Afrika-kampioenskappe 'n bronsmedalje verower," sê Smith. "Vanjaar het hy deelgeneem aan senior byeenkomste in Senegal, Finland, Duitsland, Spanje en Swede – wat voorbereidingbyeenkomste vir die Wêreldkampioenskappe in Kanada was,"

Smith was spanbestuurder vir die SA juniorspan na Kanada en het vroeër 'n groep Matie-atlete Europa toe vergesel. Maties Sport, Atletiek SA (ASA) en Boland-Atletiek se ruim ondersteuning het dié oorsese deelname vir die Maties moontlik gemaak.

Manyonga is opgewonde oor sy toekoms – en dankbaar vir sy gemeenskap en die Matie-atletiekklub se hulp en ondersteuning. Hy was in die Paarl op skool maar bly nou by Smith op Stellenbosch en sal hier verder skoolgaan. Weens die lang atletiekseisoen moes hy sy skoolloopbaan onderbreek, maar wil matriek in 2011 voltooi.

"Maties Atletiek saam met Maties Sport gaan Luvo daarmee help. Ons begin hiermee 'n loodsprojek oor hoe ons 'n rol kan speel by skoolgaande top-sportmanne en -vroue se akademiese monitering, vordering en ondersteuning," sê Smith.

"Luvo kom uit 'n baie arm gesin – en 'n ondersteunings-raamwerk om van hom 'n wêreldkampioen te maak, het hoofsaaklik gekom van ASA, Boland-Atletiek en Matie Sport," sê Smith.

"Hy het 'n brandende begeerte om nog beter te vaar met sy atletiek, maar ons moet onthou dat hy nog net 'n junioratleet is wat behoorlik bestuur en begelei moet word om die hoogste sport te bereik – 'n groot uitdaging aan almal wat by sy ontwikkeling betrokke is."

Hy oefen ses dae per week – maar sewe as dit nodig is – en kan volgens Smith "verseker ook as senior eendag wêreldkampioen word. Veral as 'n mens in ag neem dat sy 8,19 m sprong die negende beste afstand nog ooit ter wêreld deur 'n junior in dié item is."

# *Kanovaarders vaar weer goed op die Bergrivier*

'n Groot groep Matie-roeiers het weer hul klub by die jaarlikse Bergrivier-kanomarathon oor 240 km verteenwoordig.

Sake was belowend vir een van die gunstelinge, Pierre-Andre Rabie, nadat hy in die vorige weke by ander plaaslike wedvaarte goed gevaar het. Op die eerste dag was hy in die vierde plek met nog 'n Matie, Louw van Riet, tiende.

In die orige drie dae moes Rabie dit uitspook teen die ander drie voorstes. 'n Boomversperring het bygedra tot tydverlies wat hy nie eens deur 'n goeie terugvegpoging op die laaste dag kon uitwis nie en hy eindig vyfde.

Ander Maties onder die top-twintig was Louw (elfde), Lance Kime (13de) en AI Bam (15de).

Robin Kime se goeie verhouding met die Bergrivier deur voort deurdat sy van dag een af die vroue-voorloper was. Sy wen dan ook dié uitmergelende marathon se vroue-afdeling 'n tweede jaar ná mekaar en eindig algeheel 23ste.

– Wentzel Barnard



Pierre-Andre Rabie (voor) wat ook die Matie-kanoklub se voorsitter is.

# Jurie Roux to manage South Africa's rugby



**"The pinnacle for any professional involved in South African sport." This is how Jurie Roux (picture), senior director of Finance and Asset Management at Stellenbosch University, views his appointment as the new CEO of the South African Rugby Union (Saru).**

Roux was selected from altogether 84 applicants for this high-profile post in South Africa's second most popular sport after soccer. Nation-wide, rugby has a following of close to ten million of the country's 44 million people.

He is "passionate about rugby – and about the business of rugby," says Roux, who has been vice-president of the Western Province Rugby Football Union since 2008, and succeeded former SA captain Francois Pienaar as Varsity Cup Board chairperson last year. In 2008 Roux became a director of WP Rugby (Pty) Ltd and he has chaired the Stellenbosch Rugby Football Club ("Maties") since 2004.

## *Maties fullback during 1989-1998*

He played Maties fullback during 1989-1998 and was the club's tour manager for eight overseas tours since 2000, assistant first team coach during 2000-2001 and first team manager in 2002-2004.

His impressive CV in terms of rugby administration is supported by a number of academic degrees, all from Stellenbosch University: BComm in Management Accounting, an honours degree in Financial Accounting, a Business Management and Administration degree as well as LLB, and he has completed his MBA thesis that is now awaiting approval.

Roux holds several directorships of companies that are linked to Stellenbosch University. He chairs both African Sun Media (Pty) Ltd and USKOR Trust, and he is a director of PURCO (Pty) Ltd and of the University's sports performance institute, SUSPI (Pty) Ltd. He is likely to vacate these positions when he takes over in his new post at Saru.

The union is already a successful organisation, says, Roux, "and I would just like to improve on that success. Once I have studied the inner workings of Saru's business I'll be able to set my goals accordingly."

He admits that his new position is "very public" – and that the union's success "is judged on the field, even though there are many other aspects."

There will be lots of challenges to come, he says, "but I'll be there for the business of rugby – and I've developed the skills and ability over the last 16 years to meet the challenges."

## *Impressive independent interview panel*

He was chosen for the Saru position by an impressive independent interview panel, chaired by a partner with Alpha Milliard Chartered Accountants Inc.

Roux was born at Strand and matriculated at Paarl Gymnasium. He takes up his new position on 1 October, a few weeks after his 40th birthday.



Matie-handfietsryers Ernst van Dyk, Stuart McCreadie en Thomas Micklem.

# *Maties-Helderberg in SA spanne oorsee*

Maties-Helderberg se lede was goed verteenwoordig in verskeie SA spanne wat sedert Junie aan internasionale swem- en fietsrybyeenkomste deelgeneem het.

Dit het begin met die UCI Wêreldbeker in Wallis (fietsryers) en toe die UCI Wêreldbeker Fietrykampioenskappe in Segovia, Spanje (fiets- en handfietsryers). Vanaf middel-Augustus was die UCI Para-cycling Wêreld-kampioenskappe in Baie-Comeau, Kanada.

Suid-Afrika is in Kanada in drie afdelings verteenwoordig deur ses lede van Maties-Helderberg. Ernst van Dyk, Krige Schabort en Stuart McCreadie het in die handfiets-afdeling deelgeneem, met Madre Carinus en Riaan Nel (driewiel-fiets) en Janos Plekker (fiets).

In die swembad het Maties swemmer Charl Bouwer by die 24ste Internasionale Duitse Swemkampioenskappe vir Persone met Gestremdhede 'n wêreldrekord losgeswem in die 400 m vryslag (klas S13). Hy het sy eie Paralimpiese rekord wat in Beijin opgestel is van 4:14.02 tot 4:13.10 verbeter.

Charl was ook deel van die SA span, wat aan die Internasionale Paralimpiese Komitee se Wêreld Swemkampioenskappe in Eindhoven deelgeneem het. Ander swemmers van die klub daar was Renette Bloem en Hendri Herbst (visueel gestremd) en Achmat Hassiem (beenamputasie).

Gina Lourens was ook by dié byeenkoms in aksie, maar as lid van die Ierse nasionale span.

– Wentzel Barnard

**Redakteur:** Hans Oosthuizen (wnd.) **Bladontwerp:** Heloïse Davis **Drukwerk:** Shumani Printers
**Advertensies:** Conita Henry, tel: 021 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
**Redaksionele bydraes aan:** Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 021 808 4851
faks: 021 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
Universiteit Stellenbosch University